Baliestories



Understanding the understanding

The Chairman of the Society of Advocates of Natal writes:

A recent response to a letter from the Society pressurising an attorney to pay certain overdue fees contained the following passage:

> Our client did not pay us in the matter. He was a friend of Mr X (the attorney) and sufficient cover was not taken because of a friendly understanding and that understanding has now been misunderstood but is in a process of being understood by Mr X.

Galgehumor?

Raad vir raadsmanne is vryelik beskikbaar by die Balie – soms in erns en soms as gemoedelike geskerts. Dit verg soms diepe nadenke om die verskil te herken, indien enigsins moontlik. Soos die raad, toevallig aangehoor, wat aan 'n advokaat vir die verdediging gegee is terwyl hy ernstig op soek was na versagtende faktore in 'n moordsaak:

> Spaar jouself die moeite. Die naasbestaandes van die oorledene roep om vergelding. Toon jou objektiwiteit as advokaat in die oë van die gemeenskap, maar tree in die beste belang van jou kliënt op. Doen jy dit nie, mag jy vind dat die hof 'n baie swaarder straf oplê as die waarop die uitvoerende gesag waarskynlik mettertyd wel besluit: VRA VIR DIE DOODSTRAF.

CM van Niekerk
Pretoria-Balie

Nota:

Min dinge het ons regspleging so beduiwel as die politici se woer-woer-spelery met die doodstraf.—*Redakteur*

Die gebed

Mnr Evelyn-Wright QC wat sowat 30 jaar gelede as Prokureur-generaal afgetree het, het die volgende relaas in verband met 'n jurieverhoor waarby hy betrokke was vertel. Na afloop van die getuienis en die regter se opsomming is die jurie na die juriekamer om hulle beslissing te oorweeg. Dit was 'n koue wintersoggend op 'n plattelandse dorpie. Die advokate gaan staan in die sonnetjie langs die hofgebou. Toevallig hoor hulle wat in die juriekamer plaasvind. Mnr Evelyn-Wright vertel dat nadat die voorsitter gekies is, hoor hulle dat hy in 'n plegtige stem sê: "Broeders hierdie is 'n baie gewigtige aangeleentheid. Ek voel dat ons die leiding van die Hoër hand moet aanvra." Daar is algemene instemming. Die geluid van stoele wat

agteruit gestoot word, dui aan dat die jurielede op hulle knieë gegaan het om te bid. Die voorsitter bid lank en ernstig om leiding. Daarna hoor hulle hoe die stoele teruggeskuif word. Daar is 'n rukkie stilte. Toe kom die stem van die voorsitter weer deur na die groepie in die son, dit wil sê die stem van die man wat so pas so ernstig om leiding gebid het. Wat hy sê is: "Kêrels kom ons hang die donder!".

Hot money

In omtrent 1951 is sekere van Pretoria se stadsvaders van bedrog en omkopery aangekla. Toe die speurder wat een van die beskuldigdes arresteer het die polisiedossier aan my oorhandig, deel hy my mee dat hy nou weet wat die term "hot money" beteken. Hy verduidelik dat hy die partye dopgehou het terwyl die omkoopgeld in 'n kroeg in Kerkstraat naby Kerkplein oorhandig is. Die ontvanger van die omkoopgeld het die geld onmiddellik na ontvangs in sy broeksak gesteek. Hy stap by die kroeg uit en stap Kerkstraat af. Die polisie agtervolg hom op 'n afstand totdat hy Van der Waltstraat oorgesteek het voordat hulle hom arresteer. Die speurder sê voorts: "Hy was skaars uit die kroeg toe haal hy die geld uit sy broeksak en steek dit in sy baadjiesak. Daarna haal hy dit kort-kort weer uit en steek dit in 'n ander sak en so het dit aangehou totdat ek hom arresteer het." Die speurder sê hy is oortuig dat die geld die man gebrand het, daarom weet hy nou wat die term "hot money" beteken.

Frustration

During the year 1950 I served in the Magistrate's Court, Pretoria. The process clerk attached to the Prosecutors' section was a retired police sergeant known as Baldie. He treated us young prosecutors with a measure of condescension. His claim to fame was that he had often acted as an orderly when the Supreme Court came to the Eastern Province town where he served as a young constable. He regarded himself as an authority on how a case should be conducted. It never crossed his mind that in the Courts of Law a little knowledge can be very dangerous.

A story that did the rounds in the Magistrate's Court at the time was that a former Chief Magistrate of Pretoria, Mr Thackray, sometimes presided in one of the Courts and that when he did so Baldie acted as his prosecutor. On the occasion in question Mr B, then a junior advocate, who later became a prominent Transvaal Judge was appearing for the defence. Baldie proceeded to lead his own witness by a series of leading questions. Counsel frequently objected. Each objection was met with a stony stare from both the Magistrate and the "Prosecutor". No ruling was given and Baldie continued as if there had been no objection. Eventually counsel sat down, covered his face with his hands and exclaimed in utter frustration: "Ag Jesus red my tog van hierdie twee!"

Baldie se verskyning in die hof as aanklaer het vinnig ten einde geloop toe hy daarop aangedring het dat dit 'n aanvaarbare manier om getuienis aan die hof voor te lê was om aan die getuie te sê: "Ek sal sê wat gebeur het. Jy sê net ja of nee!"

Ingestuur deur C Rees SC
Pietermaritzburg-Balie

Die case about 'Die Kas'

Die kuns om 'n advokaat met smaak en oorgawe te breveteer, is in die afgelope tyd ietwat verwaarloos. Dikwels is die opdrag geklee in starre formaliteit en gaan die diepliggende menslike drama wat as grondslag daarvan lê, verlore. 'n Bekende prokureur van Wes-Transvaal, wie se naam om professionele redes liefs nie genoem word nie, het egter nooit in hierdie slaggat getrap nie. Om sy opdragte te lees is niks anders as louter genot nie. 'n Voorbeeld word hier woordeliks aangehaal:

1. Gert G is 'n burger van die Republiek van Bophuthatswana. Hy woon sy lewe lank op 'n plek met die naam van Marthasdal in die distrik Thlaping Thlaro. Hier het hy iewers in die verlede, getrou met of gevat ene Selina, met wie hy baie gelukkig saamgewoon het. Dit was soms nodig om Selina onder bedwang te hou met die knopkierie, maar hulle verskille was nooit van so 'n aard dat Selina in 'n hospitaal beland het of 'n klag by die Polisie gaan lê het nie. 'n Mens sou dus kan sê dit was 'n gelukkige samesyn.
2. Gert was en is wat 'n mens kan beskryf as 'n molemo ra familias. Hy het heelwat bees en skaap, 'n mielieland, 'n perdekar en 'n huis en het goed vir sy familie gesorg en geniet 'n goeie aansien in sy onmiddellike omgewing. Omdat hy, sedert hy onder invloed van Engelse sendelinge begin kerk loop het, altevol bewus daarvan was dat alle vlees gras is, het hy ook hiervoor voorsiening gemaak. Hy het 'n begrafnispolis by 'n begrafnisondernemer A uitgeneem en al jare geduldig sy premie betaal.

3. Sy geduld is uiteindelik beloon toe Selina op 16 Januarie weens natuurlike oorsake na 'n beter oord verhuis het. Gert het dadelik sy oudste seun per perd na sy neef Samuel Wildebeest gestuur om die tyding te bring en ook vir Samuel te vra om sy bakkie beskikbaar te stel om die liggaam van die afgestorwene na Kuruman en dus begrafnisondernemer A te vervoer.

4. Sodoende is Gert en Samuel toe op die 16de na Kuruman met Selina agterop, behoorlik toegewikkel vir stof en kraaie en gerieflik lê gemaak op 'n matras.

5. Tot op Kuruman was daar geen probleme nie, maar hier het alles begin skeef loop. Begrafnisondernemer A se verteenwoordiger kon nêrens opgespoor word nie, ten spyte van intense navrae en 'n deeglike soektog.

6. Ten einde raad het Gert hom na die ander ondernemers op Kuruman gewend. Hier is hy baie vriendelik ontvang deur ene mev V en Gert het dadelik gevoel dat sy probleme opgelos is. Iewers in die gesprek het Gert 'n terloopse verwysing na begrafnisondernemer A gemaak en het mev V haar half skeef getrek van skok – "'n Begrafnisondernemer A lyk in haar koelkas? Never!"

7. Gert het weer na begrafnisondernemer A se man gaan soek, maar die soektog was tevergeefs.

8. Terug by begrafnisondernemer B waar hy toe ene mnr V, eggenoot van voormelde mev V, raakloop. Mnr V was meer gemoedelik in die aangesig van die dooies en het die lyk gestoor, maar Gert moet sy kas daar koop. Gert het weer geduldig verduidelik dat hy 'n polis by begrafnisondernemer A het en eers met hulle moet praat. Goed, hy kan met hulle praat, maar hy moet sy kas by begrafnisondernemer B koop.

9. Die volgende dag het Gert met begrafnisondernemer A gepraat. Nee, hy moet die kas by hulle koop. Maar hy moenie bekommer nie, begrafnisondernemer A sal oorlede Selina gaan haal, al die nodige doen en Woensdag 18 Januarie kan Gert sy Selina in ontvangs kom neem, behoorlik gebalsem, gekas en gekleed.

10. Gert is tevrede huis toe om die bees te slag en ander diverse reëlings te tref vir die begrafnisplesier.

11. Op Woensdag 18 Januarie het hy vroeg by begrafnisondernemer A opgedaag om die lyk te kom haal. Die mense was apologeties en sê begrafnisondernemer B weier om die lyk af te gee. Hulle het met die hoofkantoor gepraat en dié mense reken hy moet die Kommandant van die Polisie gaan spreek want sake raak nou krimineel.

12. By die Polisie kon hy nie 'n Kommandant opspoor nie, maar die luitenant het hom te woord gestaan. Nadat Gert sy lang en droewige verhaal vertel het, het die luitenant opdrag gegee aan 'n vrouekonstabel en nog 'n ander konstabel om die lyk te gaan haal.

13. Mev V was egter vir die Polisie eens te veel. Sy weier. Maar as Gert 'n kas koop, kan hy die lyk kry.

14. Terug na die luitenant en hy gaan praat met die Magistraat. Wat daar bespreek is weet Gert glad nie, maar gesamentlik is daar ooreengekom dat dit 'n siviele saak is en Gert is na 'n prokureur gestuur.

15. Die prokureur was verslae, maar het nietemin mev V gebel en gedreig. Goed hulle kan die lyk kry, maar dit kos R20,00.

16. Op aanbeveling gaan Gert toe terug en betaal die R20,00 en neem die lyk in ontvangs.

17. Na betaling van R20,00 en toe Gert die lyk opgelaai het, het mev V se selfbeheersing haar in die steek gelaat en het sy Gert meegedeel "dat sy nooit weer 'n swart g . . . in haar jaart of in haar yskas sal toelaat nie. Hulle moet so gou as moontlik f . . ."

18. Gert voel verneder en beledig en is seker sy dignitas en oorlede Selina s'n, waar dit ookal mag sit, is aangetas. Kan hy eis?"

Die vraag inderdaad is, kan hy eis?

Pieter Geldenhuys
Bloemfontein-Balie
■

IF

(With apologies to Kipling)

If you can keep your cash when all about you
Are losing theirs and blaming it on you;
If all men trust you, and you yourself are doubting
but making sure it is not showing through;
If you can fill the unforgiving hour;
With hundred guineas' worth of drafting done,
Yours is the Earth and everything that's in it
And which is more – you'll be a solicitor, my son!

If you know law – but not make law your master;
If you can talk, and not make truth your aim;
If you can meet with Triumph and Disaster
And charge in both those cases just the same;
If you can risk the heap of all your savings
And trust on fair returns for flatt'ring done,
Yours is the Earth and some of what is in it
And which is more – you'll be an advocate, my son!

If you can write and not be tired by writing,
Or being laughed at, aren't reduced to tears;
Or if ignored, do not indulge in hating,
Or being fought, do not give way to sneers;
If you can talk with fools and keep your virtue;
If you can read until your eyes are gone,
Yours are the Clouds and nothing else, you fool you
And which is less – you'll be a lecturer, my son!

Submitted by HF Klein
Pretoria Bar